DEEL 113 | WEEK 47 | 26 NOVEMBER 2021 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# VICTORIA DE BEER VAT VOOR IN NGWATHE




Ngwathe se nuwe stadsraad is Dinsdag in Parys ingehuldig. Me Victoria de Beer is as burgemeester verkies, en die vorige speaker, Rdl Mopedi, is vir haar tweede termyn herkies. Dit was op die finale dag wat wettig toelaatbaar was. Opposisielede sê dit volg op 'n interne stryd tussen ANC faksies oor wie die nuwe uitvoerende burgemeester, speaker en lede van die burgemeesterskomitee sou wees. Die ANC het nou 21 raadslede (sewe minder as tevore) van wie ongeveer 15 nuwelinge is. Die DA bly die opposisie, met sewe raadslede, weer onder koukusleier Carina Serfontein. Twee nuwe VF+ raadslede van Parys sluit nou aan by Rdl Phillip van der Merwe. Die EFF het vyf raadslede, en Rdl Selma Kok van Parys is 'n nuwe onafhanklike raadslid.

Verder is ANC raadslede LP Sotshiva en MS Toyi onderskeidelik as sweep van die raad en voorsitter van die munisipale rekeninge se oorsigkomitee verkies. Die posisie van sweep is nuut geskep deur 'n wysiging aan die Munisipale Strukture Wet wat op 1 November 2021 van krag geword het en die pligte daaraan verbonde, behels onder andere die bevordering van beter verstandhoudings tussen die verskillende politieke partye wat op die raad sitting het. Die VF+ en DA het die aanstelling van die sweep teengestaan omdat die persoon in die posisie 'n voltydse raadslid sal wees met 'n hoë koste verbonde daaraan, maar die ANC meerderheid het eenvoudig die besluit ter aanstelling van die sweep deurgedruk. "Dis verregaande," sê 'n DA-raadslid aan Heilbron Herald, "en dit alleen gaan byna driekwart miljoen rand per jaar ekstra kos."

Verskeie opposisie raadslede wou ook dat die raad besin om van die huidige uitvoerende burgemeesterskap, wat in 2016 gemaak was, afstand te doen en terug te keer na 'n nie-uitvoerende burgemeester en 'n uitvoerende komitee waarvan die voorsitters, anders as met 'n uitvoerende burgemeesterskomitee, deeltydse raadslede sal wees wat 'n aansienlike besparing op toelaes teweeg sou bring. Die ANC meerderheid in die raad het ewe-eens volstaan dat die amp van uitvoerende burgemeester gehandhaaf word.

"Die Lid van die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Raad belas met plaaslike bestuur, ondersoek na wat verneem word, tans die vermoëns van verskeie munisipaliteite om uitvoerende burgemeesterstelsels te kan bekostig, en het reeds enkele munisipaliteite beveel om terug te keer na die nie-uitvoerende burgemeesterstelsels" sê raadslid Van der Merwe verder. "Dit is dus moontlik dat dieselfde met Ngwathe mag gebeur weens sy swak finansiële prestasiegeskiedenis". 'n Besluit in die verband word tans afgewag.

Die uitvoerende burgemeester het nog nie aangedui wie sy as voorsitters van die raad se werkskomitees gaan aanstel nie, maar het vir tyd gevra om deeglik te kan oorweeg welke raadslede oor geskikte kennis en ervaring beskik om die posisies ten beste te kan vul. Die lede van die komitees sal eers verkies word nadat die voorsitters aangewys is.

In haar inhuldigingstoespraak het die nuwe uitvoerende burgemeester gesê dat dienslewering aan gemeenskappe prioriteit moet wees vir die huidige termyn. In sy reaksie het VF+ raadslid, Phillip van der Merwe, haar gesindheid verwelkom en gevra dat sy dadelik weer die vorige burgemeester se taakspanne vir elektrisiteit en water moet laat herleef sodat raadslede aktief betrokke kan wees by die aanspreek van probleme met dienslewering. "My ervaring is dat sake sloer wanneer kwessies eenvoudig uitsluitlik in die hande van amptenary gelaat word", sê hy.

Uit die gesindheid wat by die vergadering geheers het, het dit duidelik geblyk dat al die partye betrokke erns het met verbeterde dienslewering. "Kom ons gee dus die nuwe raad 'n kans en kyk of nuwe besems skoon gaan vee", sluit raadslid Van der Merwe af.


## KERSADVERTENSIES 2021

Wens jou kliënte 'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige 2022 toe met ons spesiale Kerskoerant en laaste uitgawe op 17 Desember

**Besprekings sluit 13 Desember**

heraldnuus@heilbron.co.za

| | |
|---|---|
| Volblad: | R3600 |
| Halfblad: | R1890 |
| Kwartblad: | R945 |
| 15x4: | R765 |
| 10x4: | R515 |
| 10x2: | R260 |
| 5x2: | R135 |

BKB LOUWID

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No: 2005/026173/07

Waar sake elke keer, die eerste keer reg gedoen word!

SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R75

heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078

POSTNET HEILBRON

# TOE VERKAS DIE ONTHAALGASTE

• *Tom Watson*

Verlede Saterdag was 'n onthaal na 'n troue bestem om by die "gewilde" Langdam-ontspanningsoord plaas te vind, maar het die gaste die hasepad gekies toe daar afgekom is op die chaotiese toestand van die oord en hulle besef het dat alle geriewe onbruikbaar gestroop is.

Van die gaste is deur nabygeleë inwoners bygestaan, nadat die huweliks-gaste geweier het om gebruik te maak van die ontspanningsoord se geplunderde, onhigiëniese geriewe. Die gaste wat daaraan gewoond was dat die geriewe van uitstaande gehalte is, het verstom die perseel verlaat en kon nie hul oë glo nie – dit is nie net gestroop nie, maar in 'n walglike toestand, was hul kommentaar.

Hulle het teleurgesteld gesê dat hulle die toestand met die munisipaliteit gaan bespreek - dit is 'n skande dat Heilbron sulke puik geriewe tot so 'n mate laat verval het. Die Heilbron Herald het die stropery by verskeie geleenthede in sy beriggewing vermeld.

Inwoners is bewus daarvan dat die ontspanningsoord in 'n koeikamp omskep is en dat die omheining se draad, pale en hekke "verdwyn" het. Daar word ook bome afgekap vir vuurmaakhout.

Heilbron se Eeufeesdam was Heilbron se waterbron voordat water aangelê is vanaf die Vaalrivier, met die oog op grens-nywerheidsontwikkeling. Clover gaan ook finaal sy fabriek verskuif na Queensburgh, Natal.



## SUDOKU

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 4 | 1 | | | | | | 6 | 8 |
| 6 | | | | | | | 2 | |
| | | | | | | 5 | 1 | |
| | | | 2 | 4 | | 6 | 9 | |
| 3 | | | | 5 | | | | |
| 5 | | 6 | | | 9 | | | 1 |
| | | | 7 | | | 3 | | |
| 9 | | 2 | | 6 | 4 | | | |
| | | 7 | 9 | | 8 | | 5 | |



# KLAP 'N TOON VIR 80KM

Drie Petrus Steyners het laasweek sowat 80km gestap om mense se belangstelling in hul erfenis te prikkel. Omgewing- en erfenisaktivis, Twin Mosia en twee ander gemeenskapslede van Petrus Steyn was elkeen gedrapeer in die Suid-Afrikaanse landsvlag en het ter wille van nasiebou op Dinsdag, 16 November om 02:00 in die pad geval en omstreeks 18:00 in Bethlehem aangekom.

Die volgende oggend het die drie met Bethlehem-museum vergader om netwerke te bou, uit te reik na die jeug om deel te word in plaaslike erfenis en te kyk hoe die omgewing mooi gemaak kan word, om net 'n paar te noem. Later die dag het hulle teruggereis na Petrus Steyn met 'n minibus taxi. Hy beplan om in die komende weke skole te besoek om kinders se belangstelling in geskiedenis, erfenis en kultuur wakker te maak. Twin is gebore en grootgemaak in Petrus Steyn, hy is ook die stigter van Elandskop-museum in die dorp. Saam op die staptog was Tumelo Mokoena, wat saam met hom by die museum werk, asook entrepreneur, Patrick Mokoena, het die tog saam met hulle aangepak. Hierdie sal nie die eerste keer wees wat Twin en Tumelo voetslaan nie en het hulle in die verlede al tot in Reitz, Tweeling en Frankfort gestap. Twin wil mense in buurdorpe en regoor die land aanmoedig om na hulle erfenis om te sien en dorpe skoon te hou.


Twin Mosia is bekend vir sy passie in die Riemland omgewing en het dit hom al verskeie kere na die buiteland geneem. Vroeër die jaar was hy ook deel van die My Soektog span wat 500km met 'n perdekar van Sasolburg tot Utrecht gereis het. Hy wil hê die Erfenisvereniging van Suid-Afrika (HASA) se jaarlikse simposium moet in 2025 in die Riemland aangebied word en begin reeds bande met plaaslike museums bou.



*Op die foto vlnr: Patrick Mokoena, Tumelo Mokoena en Twin Mosia.*
*Foto erkenning: Dawie Fourie*

POSTNET 2 DOOR
FROM OUR STORE TO ANY STREET ADDRESS
058 853 0006
064 988 6078 heilbron@postnet.co.za
POSTNET HEILBRON


BACK 2 SCHOOL
LET US HELP YOU PACK YOUR CHILD'S BACK 2 SCHOOL STATIONARY
1. Drop your 2021 stationary list off at Herald Office National, or e-mail it to heraldoffice@heilbron.co.za
2. As soon as we received the list, we will send you a quotation
3. When you've placed the order, we will pack it and get it ready for you
4. Alternatively, place your order online at www.herald.officenational.co.za
5. We will contact you as soon as your order is ready for collection
Herald
Office National
058 852 3033
heraldoffice@heilbron.co.za
YOUR BACK TO SCHOOL SUPPLIER
THINK | SHOP | SUPPORT
LOCAL


Want an investment
that gives you an effective yearly interest rate of 5,85%?
Get a nominal rate of 5,70% or an effective yearly interest rate of 5,85% on expiry after 12 months.
You pay no fees or commissions.
Exclusive to clients 55 years and older.
Do you want a bank that takes your money, or a bank that takes your money seriously?
Open an Electronic OptimumPlus Account using the Nedbank Money app or online banking.
see money differently
Terms and conditions apply.
NEDBANK
Nedbank Ltd Reg No 1951/000009/06. Licensed financial services and registered credit provider (NCRCP16).


Bring your home up to speed with fast, reliable fibre solutions.
FIBRE
25/5Mbps Uncapped FTTH Promo
R399
Includes:
open serve
Live your Monate
Email kznfssales@telkom.co.za
Telkom

# WEEK SEWE-EN-VEERTIG VAN 2021



## UIT DIE PEN

So is ek nog steeds besig met my wedervaringe as onderwyser.

Willemm het in die dorp gewoon. Hy was nie regtig Willemm nie (the names of people and places were changed to protect the innocent), maar sy naam het 'n dubbel letter aan die einde daarvan gehad.

Ek dink ek het al in een van my skrywes van lank geleë van hom melding gemaak. Moontlik onder 'n ander naam. Ek stem daarom heelhartig saam met Shakespeare: "What's in a name? That which we call a rose by any other name would smell just as sweet." Or maybe not.

Willemm se ma was 'n legende in die dorp. Toe ek haar leer ken het, was sy reeds baie ver gevorderd in jare en het moeilik beweeg. Sy het haar dae verwyl in die klein winkeltjie wat sy en Willemm bedryf het.

Die winkel is blykbaar destyds gestig om skryfbehoeftes aan die skool te voorsien. Daar was stokou potlode en geel Bic penne, Helen Steiner Rice verjaarsdagkaartjies van die jaar toet, plastiek model winkelpoppe met ou en gehawende Volkspeleklere aan, uitgeknipte letters wat soos randsom notes uit 'n oeroue fliek lyk en dokumente wat jy nie eers by 'n museum sou aantref nie. Onder andere die oorspronklike Gerard Moerdyk-bouplanne van 'n kerkgebou.

Willemm het in die kunste belanggestel en kon 'n goeie opvoering lewer met die korrekte stembuigings, diksie en spel. Hy het vertel hoe hy tot in Engeland was en vriende was met Koning Elizabeth II, wat ek natuurlik met 'n sakkie sout geneem het. Willemm het teruggekom na ons dorp toe waar hy by sy ma in die winkel gewerk het. Hulle het 'n gruwelooslike groen stasiewa gehad, wat ek nie dink Willemm ooit aan die petrolpedaal geraak het nie. Mettertyd is die stasiewa verkoop.

Willemm was lief vir blomme rangskik. Hy het 'n reusagtige versameling plastiekblomme gehad. Wanneer hy dit moes rangskik, het hy dit eers op die grasperk uitgepak en met die tuinslang afgespuit. Dit was al so vaal verbleik.

Hy het vrugtebakke van vinielplate gemaak: dit effens warm gemaak en dan gebuig. Wat mooi sou wees, indien dit skoon was.

Daar was 'n paar stories oor Willemm se pa: party het gesê Willemm was die produk van sy reeds getroude pa se rondlopery en 'n ongetroude onderwyseres. Ander het gemeen dat hy 'n ongehude moeder in die distrik se baba was wat sy ma aangeneem het. Ek weet nie wat die waarheid was nie. Blykbaar was hy doodsiek as kind.

Willemm het 'n onaantreklike steekhaarbrakkie gehad. Hy en Brak het ten minste een keer per week by die skool besoek afgelê. Meestal om by die skoolhoof koffie te drink. Hy moes die twee kilometer of wat vanaf die winkel te voet aflê, want die gruwelooslike groen stasiewa was nie meer nie. Hy was ook jaarliks 'n spesiale gas by die prysuitdeling. Waar hy dan aangedring het om die blommerangskikking op die verhoog te maak.

Wat ons later genoop het om geen blommerangskikkings iewers te hê nie.

Sy testament was by die skool in die kluis. Sy ma s'n ook. Hy het net die skoolhoof daarmee vertrou.

Willemm was nie silwerskoon nie. Later jare het hy nie meer so gereeld higiëne gepleeg nie, en hy het 'n klankie gekry. Wat jammer was, want hy het al hoe meer vereensaam. Die gemeenskap se tannies, wat hom goed geken het, het later aangebied om hom te help met sy wasgoed. Hy het baie kwaad geword wanneer hulle dit aanbied.

Willemm sou met sy verjaarsdag bakke vol eetgoed skool toe bring. Ongelukkig was die bakke dan nie skoon nie. Die bakke se randjies was bruin van die vuil. My ma sou dit "gorê" genoem het (watse woord is gorê, iedergeval?). Ongelukkig was daar dan nie aanvraag vir die eetgoed nie. Diegene wat dan uit blote pligsbesef daarvan geneem het, sou dit ook nie eet nie uit vrees vir die gorê.

Willemm kom een dag weer skool toe vir sy weeklikse besoek, met steekhaarbrakkie en al. Hy stap by die een skuifdeur van die personeelkamer in, hond-in-die-arm, groet almal so in die loop, en mik vir die ander skuifdeur. Ongelukkig was die skuifdeur toe. Hulle neusafdrukke het vir dae op die skuifdeur gesit.

Hy het 'n outobiografie geskryf en daarin baie van die gemeenskap se name genoem as mense wie hom te na gekom het. Hy het elke insident haarfyn bespreek. Hy het hierdie boek vir 'n tannie gegee om te proeflees, maar sy was so vies vir sy boek dat sy hom aangeraai het om dit weg te maak. Wat uiteindelik met die boek gebeur het, weet ek nie.

Toe Willemm se ma dood is, het die skool haar begrafnis gereël, soos wat sy in haar testament voorsien het. En die predikant van die plaaslike gemeente was nie genooi nie. Dit het sy uitdruklik beveel.

Ons verneem eendag dat Willemm dood is. Daar word gemene spel vermoed, want hy is in 'n bloedplas aangetref met 'n oop badkamervenster. Willemm se verseëlde testament is uit die skool se kluis gehaal en hy is begrawe soos wat hy gestipuleer het.

Iemand kom maak die vuilerige huisie skoon. Al die inhoud van die winkel word na iemand gestuur. Heel moontlik het die ontvangers nooit eers die waarde van al die antieke dokumente besef nie.

Die boewe word gevang en kry elk 'n stewige vonnis.

So: hoekom wou iemand Willemm doodmaak, wonder ek? Dalk het iemand 'n vendetta teen hom. Maar hoekom?

Baie maande later gesels ons oor Willemm en sy vreemde gewoontes. Iemand vertel my dat Willemm vir hom sy brief vanaf Koning Elizabeth II gewys het: kompleet met haar seël op. Klaarblyklik ook die uitnodiging wat hy na Prins Charles en Prinses Diana se troue destyds gekry het.

Hy was toe, after all, reg oor sy verhouding met die Britse koningshuis.

Die persoon vertel ook toe van 'n goue munt of medalje (ek kan nie presies onthou nie) wat die koningshuis vir hom gestuur het.

Na sy dood was die munt weg.

# FEESTYD VEEDIEFSTAL



Die polisie doen 'n beroep op vee-eienaars om ekstra waaksaam te wees wanneer dit kom by die veiligheid van hul vee met die feesseisoen wat nader kom. Volgens Heilbron Beheer is die veediefstal gevalle tans aansienlik meer as wat dit verlede jaar hierdie tyd was. Daar is voor verlede week twee gevalle aangemeld van onderskeidelik 23 skape wat tussen Heilbron en Frankfort gesteel en geslag is en beeste wat later die week gesteel was en teruggevind is in Phiritona. Die diefstal van trekkerbatterye is aan die toeneem. Daar is ook Saterdag beslag gelê op 'n voertuig wat op die Vegkop-pad gebreek het en gesteelde vee vervoer het. Die vee is terug besorg aan 'n boer tussen Lindley en Petrus Steyn. Boere, veral in die landelike gebiede, word aangemoedig om op hul hoede te wees en seker te maak dat hul diere so veel as moontlik beveilig is.

- Wees op die uitkyk vir koeltrok tipe voertuie en meld verdagte gebeure.
- Monitor en tel jou vee gereeld.
- Rapporteer alle veediefstalsake onmiddellik by SAPD.
- Hou 'n beheerde veeregister.
- Merk jou vee volgens die Wet op Diere-identifikasie.
- Voorkom dat gesteelde vee op jou eiendom weggesteek word.
- Veeposte dien as ideale oornagstopplekke om gesteelde vee weg te steek.
- Laai-opritte in kampe of op plase weg van toesig moet te alle tye gesluit of versper gehou word.
- Vee-eienaars moet alle heinings en hekke in werkende toestand hou om hul vee te beskerm.
- Werknemers moet opgelei word om aandag te gee aan onreëlmatighede.

# SO LYK HEILBRON SE GETALLE NOU

## *Inenting hou infeksie laag*




Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 25 November 2021 en dui aan Ngwathe het 5516 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron nou op 1337 staan en is daar 2 positiewe gevalle bygevoeg vir die dorp sedert 17 November 2021.

Daar is reeds 3 uit elke 5 mense bo die ouderdom van 50 teen Covid-19 ingeënt. Almal bo die ouderdom van 12 jaar kan die Covid-19-inenting kry. Vir mense van Heilbron is die Tokollo-hospitaal gedurende die week oop van 08: 00-16:00. Die digitale inentingssertifikaat vir Covid-19 kan slegs verkry word deur diegene wat volledig ingeënt is. Gaan na https://vaccine.certificate.health.gov.za/ om vandag joune af te laai.

# KENNISGEWINGS

## AUCTION

**IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA**
**FREE STATE DIVISION, BLOEMFONTEIN**
**Case number: 5232/2016**
**In the matter between:**
**ABSA BANK LIMITED**
**(REGISTRATION NUMBER: 1986/004794/06)** *Plaintiff*
and
**PATRICK KEVIN LOWES** *First Defendant*
**(ID NUMBER: 660307 5023 080)**
**DOROTHEA KOTZE** *Second Defendant*
**(ID NUMBER: 710516 0018 081)**

In execution of a judgment of the High Court of South Africa (Free State Division, Bloemfontein) in the abovementioned suit, a sale without reserve will be held at 13:15 on 13 DECEMBER 2021 at the offices of the SHERIFF HEILBRON, MAGISTRATE'S OFFICE, 32 ELS STREET, HEILBRON of the undermentioned property of the Defendants on the conditions to be read out by the auctioneer at the time of the sale and which conditions may be inspected at the offices of the Sheriff at HEILBRON, MAGISTRATE'S OFFICE, 32 ELS STREET, HEILBRON:

**CERTAIN:**
ERF 629 ORANJEVILLE (EXTENSION 1), DISTRICT HEILBRON, FREE STATE PROVINCE;
**IN EXTENT:**
3709 (THREE THOUSAND SEVEN HUNDRED AND NINE) SQUARE meters
**AS HELD:**
UNDER DEED OF TRANSFER NUMBER T 1426/2009;
HELD by PATRICK KEVIN LOWES and DOROTHEA KOTZE situated at 43 MARKET STREET, ORANJEVILLE.
**THE PROPERTY IS ZONED:**
VACANT LAND

The following information is furnished re the improvements, though in this respect nothing is guaranteed: NONE

**TERMS:** Ten per cent of the purchase price in cash on the day of the sale, the balance against transfer to be secured by a bank or building society or other acceptable guarantee to be furnished to the Sheriff within 21 days from the date of sale. Should the property be bought by the first bondholder, the cash payment of 10% need not be made. Should the purchaser receive possession of the property, the purchaser shall be liable for occupational rental at the rate of 1% of the purchase price per month. Pro-rata occupational rental shall be payable by the purchaser on the date of possession and thereafter monthly on or before the 1st of each month until date of registration of transfer.

The sale in execution is conducted in accordance to the Consumer Protection Act 68 of 2008 as Amended, in pursuant of an order granted against the defendants for money owing to the Plaintiff.

The conditions of sale will lie open for inspection during business hours at the offices of the Sheriff of the High Court, SHERIFF HEILBRON, MAGISTRATE'S OFFICE, 32 ELS STREET, HEILBRON or at the execution plaintiff's attorneys.

**TAKE FURTHER NOTICE THAT:**
This is a sale in execution pursuant to a judgment obtained in the above Court, Rules of this auction is available 24 hours foregoing the sale at the office of the Sheriff,
Registration as a buyer, subject to obtain conditions is required i.e.

1. Directions of the CONSUMER PROTECTION ACT 68 OF 2008 as Amended, (URL http: / / www.info.gov.za/ view/DownloadFileAction?id=99961
2. Fica-legislation i.r.o. identity & address particulars,
3. Payment of registration monies
4. Registration conditions.
5. Registration amount is R5,000.00

The office of the Sheriff HEILBRON will conduct the sale with auctioneer J.M. VAN ROOYEN, or his deputy. Advertising costs at current publication tariffs & sale costs according court rules will apply.

**SHERIFF OF THE HIGH COURT**
**for the district of HEILBRON**
**Advertiser:**
**ATTORNEYS FOR PLAINTIFF**
**JC KRUGER**
**PHATSHOANE HENNEY INC.**
**35 MARKGRAAFF STREET**
**WESTDENE, BLOEMFONTEIN**
**TEL NR 051 400 4090**
**REF: JC KRUGER/ABS131/0657**

## KENNISGEWING

**BOEDEL WYLE SONJA DU PLESSIS,**
**IDENTITEITSNOMMER 560418 0103 081,**
**GEBORE OP 18 APRIL 1956;**
**OORLEDE OP 28 MAART 2021,**
**IN LEWE WOONAGTIG TE FAIRVIEW PLAAS, HEILBRON, VRYSTAAT, 9650**

**BOEDEL NOMMER: 009418/2021**

**ALLE** persone wat vorderings het teen of geld verskuldig is aan bogemelde boedel word versoek om sodanige vorderings in te lewer en sodanige skulde te betaal by die ondergemelde firma binne 'n tydperk van dertig dae vanaf datum van publikasie hiervan.
**KRUGER BOEKHOUERS**
**1A THABO MBEKI STREET**
**MOKOPANE.**
**LIMPOPO**
**POSBUS: 0600**
**Verwysing: Werner/SduPlessis/boedel**

## NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the **ESTATE OF THE LATE HENDRIK JOHANNES ROSSOUW, IDENTITY NUMBER: 550426 5092 086,** in life married out of community of property, residing at 12 Bauman Street, Frankfort, 9830, Province Free State,
**ESTATE NUMBER: 5916/2021.**
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Koppies Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

## NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the **ESTATE OF THE LATE MATHESE SAMUEL TSOTSETSI, IDENTITY NUMBER: 500309 5524 087,** in life widowed, residing at Erf 423 Mamafubedu, Petrus Steyn, 9640, Province Free State,
**ESTATE NUMBER: 672/2020.**
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Heilbron Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**


**POSTNET HEILBRON**
**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:**
08:00 -16:30
**Saterdae:**
09:00 -12:00
***Elsstraat 42, HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***



Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak
*Silma Petzer.*
Tel: 058 852 3033


# DIENSTE


**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
Muller Draaiwerke
**MILLING • KEYWAYS**
**ALGEMENE DRAAIWERK**
**MEGANIESE HERSTELWERK**



**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R



**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R


# TE HUUR


*HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS*
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***



*Winkelure*
**MAANDAE - DONDERDAE**
07:30 -17:00
**VRYDAE:**
07:30 - 16:30
**SATERDAE:**
08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**


Die **Heilbron Herald se fabriek** sluit die **16de Desember 2021** en heropen **DV 10 Januarie 2022.**

**Plaas asb. vroegtydig u bestelling vir drukwerk om teleurstelling te voorkom.**

Die Heilbron Herald se winkel sluit die 22ste Desember en heropen DV 5 Januarie 2022.

**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**


**83 MIKROBUS TE KOOP**


83 Mikrobus te koop met ratkas maar geen enjin. Kan 15 mense vervoer. Prys: R15 000
***Kontak Isak Khanye 1319 (Adres) Sel: 073 261 6549***







# SMALLS

# EIENDOMME


**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159


# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
JJ Hattingh straat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047


## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)

***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreative studio.co.za




# SANBS BEDANK ALLE BLOEDSKENKERS


Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) het 70 eenhede bloed in Heilbron ingesamel, Dinsdag 23 November. SANBS wil graag alle bloedskenkers hartlik bedank vir hulle ondersteuning en hulle aanmoedig om aan te hou om gereeld bloed te skenk.

**Die minimum vereistes om 'n bloedskenker te wees, is:**

- Wees tussen die ouderdom van 16-75 jaar.
- Weeg meer as 50kg.
- Geniet goeie gesondheid.
- 'n Veilige seksuele leefstyl.

**Die voordele van bloedskenk:**

- 'n Gratis mediese ondersoek bv. neem van bloeddruk en ystervlakke.
- Stimuleer liggaam om nuwe gesonde rooibloedselle te vorm.
- Bloedskenk kweek ook 'n kultuur van sosiale verantwoordelikheid en sodoende word daar lewens gered.










# KLEUTERKASTEEL SLUIT JAAR OP HOË NOOT AF





*Die kinders by Kleuterkasteel het Dinsdag hulle jaarlikse afsluiting gehad in die lig van die skool wat vandag sluit. Die kleuters het geswem en piekniek gehou en sien uit om weer terug te gaan skool toe die 12de Januarie 2022.*

# KRIMINELE AGTERGROND ONDERSOEKE

- STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
- PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
- PRIORITY - 2 HOURS – R395.00

PostNet Heilbron het onlangs 'n nuwe sisteem in plek gestel wat deur die gebruik van reeds bestaande databasisse ondersoek instel na 'n persoon se kriminele agtergrond. HURU is 'n biometriese maatskappy wat tegnologie en infrastruktuur regoor Suid-Afrika bou vir verifikasie doeleindes. Dit gee elke Suid-Afrikaanse besigheid en individu toegang tot 'n gesentraliseerde vingerafdruk databasis om kriminele- en identiteitsondersoeke in te stel.
Instapkliënte moet 'n RSA ID boekie of kaart, 'n bestuurslisensie of paspoort byderhand hê om die ondersoek te doen. PostNet sal dan by die HURU sagteware inteken en vingerafdrukke, demografiese inligting, 'n profielfoto en identiteitsdokument van die kliënt op die sisteem laai. Die standaard proses neem 24 tot 48 uur en kliënte ontvang dan 'n PDF dokument via e-pos met 'n verslag oor hulle HURU profiel. Daar is ook 'n premium opsie beskikbaar wat die verslag binne 5 ure lewer en dan ook 'n prioriteit opsie wat 'n verslag binne 2 ure beskikbaar stel.
PostNet Heilbron het toegang tot die HURU stelsel en kan daar ook soek na vorige verslae en vir die kliënt uitdruk. Werkgewers kan vereis dat 'n persoon wat aansoek doen vir 'n pos 'n agtergrond ondersoek moet laat doen.
Hoekom is hierdie ondersoeke belangrik? Die aanstelling van die verkeerde persoon is genoeg bewys van 'n baie duur besluit vir jou besigheid. Deur agtergrond ondersoeke te doen, kan jy aanspreeklikheid vermy, jou werksplek se veiligheid verseker en jou onderneming se kwaliteit verbeter.
Agtergrond ondersoeke is belangrik vir 'n besigheid om onnodige boetes, fooie, aanklagtes en risiko's te vermy. Hierdie ondersoek is dus 'n essensiële gedeelte in die aanstellingsproses.
Kontak gerus Heilbron PostNet vir verdere inligting by 058 853 0006 of stuur 'n epos na heilbron@postnet.co.za of besoek hulle vandag nog by Elsstraat 42, Heilbron.

POSTNET HEILBRON

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae:**
08:00 - 16:30
**Saterdae:** 09:00 - 12:00

***Elsstraat 42, HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

# KOBUS OORLEDE

*Kobus Kruger*
*24/08/60 - 19/11/21*

Jy het jou tentwoning verruil vir jou Ewige tuiste by ons Hemelse Vader.
Saam het ons 'n genade jaar vol goedheid en guns gehad met die mooiste herinneringe terwyl jy moedig die stryd gestry het teen pankreaskanker.
Jou plek gaan leeg wees en jy word gemis deur jou vrou Alida, kinders Kobus, Marilise, Evan, Ronel, kleinkinders, Wessel, Hanru, Cornel en Mia.



# NOODWATERPUNT

Total Garage in Heilbron het 'n noodwaterpunt beskikbaar om die gemeenskap tydens wateronderbrekings van water te voorsien. Verskeie Heilbronners het verlede week 3 tot 5 dae sonder water gesit. Daar was 'n groot bars in die hooftoevoerpyp net buite Sasolburg en nadat dit glo herstel is, kom en gaan die watervoorsiening vir verskeie huishoudings nog steeds. "Rand Water pomp skynbaar nie genoeg water vir ons globale behoefte nie, so hoogliggende dele bly sonder water," sê Raadslid Phillip van der Merwe. Vir diegene nog nood en met toekomstige waterprobleme, gaan maak gerus jou kan vol water aan die onderkant van Total by die trokke se petrolpompe tussen 07:00 – 19:00.



# EMERGENCY WATER POINT

Total Garage in Heilbron has an emergency water point available to supply the community with water during water outages. Several Heilbronners were without water for three to five days last week. There were a large crack in the main supply pipe just outside Sasolburg and after it was apparently repaired, the water supply for several households still comes and goes. "It seems that Rand water does not pump enough water for our global need, so high-lying parts remain without Water," says Councillor Phillip van der Merwe. For those still in need and with future water problems feel free to fill up with water at the bottom of Total at the trucks' petrol pumps between 07:00 - 19:00.

GiG Technologies (Pty) Ltd
New!!
AJAX Wireless
Smart Home Security Systems
Contact us for a free Quotation
Church street 44
Adriaan- 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za



# SMALLS

## KENNISGEWINGS

### SIS PULI'S RESTAURANT FORM FSLA2 NOTICE OF INTENTION TO APPLY IN TERMS OF SECTION 27 READ WITH SECTION 31 FOR REGISTRATION FREE STATE GAMBLING AND LIQUOR ACT, 2010

Notice is hereby given that Puleng Doris Mohale intends to lodge an application on 3 December 2021, particulars of which appear hereunder.
1. Municipality: Nketoana Local Municipality.
2. Full names, street and postal address of applicant and identity no. or registration no: Mohale, Puleng Doris, ID 641115 0484 08 0.
102 Moholobela Street, Mamafubedu,
Petrus Steyn, 9640
3. Kind of registration applied for: New liquor licence: Tavern registration certificate alternatively restaurant registration certificate.
Kind of product to be sold/manufactured: All kinds of liquor.
Name under which business is to be conducted and full address of premises:
Sis Puli's Restaurant, 368 Mamba Street, Mamafubedu, Petrus Steyn, 9640.
Erf 368, Mamafubedu, Petrus Steyn, Free State.
6. Name of, nature of and distance to institutions of learning, similar registered premises and places of worship:
1. Mamafubedu Secondary School, institution of learning, ±433m.
Any person may, within 21 days from 3 December 2021 (date of publication in Provincial Gazette) lodge in terms of section 33 of the Free State Gambling and Liquor Act, 2010 an objection in writing to the Free State Liquor Authority (address set out hereunder). The objection must clearly indicate the full names, identity number, residential address, postal address and telephone number, if any, and where applicable, its registration number and address of its office, of the objector. The objection must also identify the application to which it relates.
*The application may be inspected at the offices of the Authority during their office hours. The address of the relevant Office of the Liquor Authority is 111 Zastron Street, Westdene, Bloemfontein, 9300.
**Place: Lindley**
**Date: 2021/11/19**
**Cell: 072 013 3440**

### LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35(5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.
**Notice Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 2643/2020
**Surname:** Brink
**First Names:** Emmarentia Margaretha
**ID Number:** 331118 0022 087
**Last Address:** Huis Silwerjare Retirement Home
1 De Wet Street, Petrus Steyn, Free State Province
**First Names of Surviving Spouse:**
Andries
**Surname of Surviving Spouse:**
Brink
**ID Number of Surviving Spouse:**
320804 5031 081
**Description of Account:** First and Final
**Magistrate's Office:** Petrus Steyn
**Master's Office:** Bloemfontein

**ADVERTISER NAME:**
**AMANDA BOTHA ATTORNEYS**
**ADVERTISER ADDRESS:**
**804 TERBLANCHE STREET, RIEFTONTEIN PRETORIA**
**P.O. BOX 9639, PRETORIA, 0001**
**ADVERTISER EMAIL:**
**amanda.botha@amandabotha.co.za**
**DATE SUBMITTED:**
**19.11.2021**
**ADVERTISER TELEPHONE: 082 775 7256**
**PUBLICATION IN THE GOVERNMENT GAZETTE:**
**26.11.2021**

# HULLE SWAAI VOOR BY GHOLFKLUB

Heilbron Gholfklub se kontinuïteit in bestuur is behou met Gerrie Muller wat herkies is as president van die klub. Jackie Leonard tree in as vise-president en Eben Stander vat voor by die baan as kaptein van die klub. Zacharia Moholo is gekoöpteer as addisionele lid nadat die pos van vise-kaptein weggeval het.

Die jaarlikse Prestigedag word môre aangebied. Vanjaar word die dag ingekleur met sanger Juan Boucher en oud-bok rugbyspelers De Wet Ras en Helgard Muller wat ook aan die spel gaan deelneem. Die welbekende Weberspan kom die spesiaal rypgemaakte steaks braai vir die geleentheid. Juan Boucher gaan die aand se verrigtinge afsluit met 'n vertoning. Die eerste spelers sal reeds teen 10:00 afslaan.



*Heilbron Gholfklub se nuwe bestuur vir 2022 is soos volg: Jackie Leonard (Vise-president), Willie Pretorius (Addisionele lid), Wiam Rautenbach (Addisionele lid), Zacharia Moholo (Addisionele lid), Gerrie Muller (President), Eben Stander (Kaptein), Pieter van Staden (Tesourier) en RJ Muller (Addisionele lid)*

# HEILBRON ROLBAL STOOM VOORT

Met die Besigheidsliga agter die rug en al die reëlings en harde werk wat daarmee saam gegaan het, was daar nie regtig kans vir agteroor sit nie. Direk na die Besigheidsliga moes van die rolbalspelers gaan deelneem aan Valsrivier se pare kompetisie. Deur die jare was dit alombekend dat Heilbron se spelers nie maklik tou opgooi nie en weereens het Hannalie Claassen en Ronel du Plooy bewys dat hulle weet hoe om rolbal te speel. Hulle het goeie spel gelewer en as naaswenners geëindig, met slegs 2 punte verskil tussen hulle en die wenners.

Om die lekker someraande te geniet het JC Pretorius, TL de Waal en Rudi Jacobs met Henriehett de Waal as "Toesighouer", besluit om aandspel te implementeer vir mense wat belangstel in die sport. Daar sal elke Woensdagaand van die lede by die klub wees om belangstellendes te help en touwys te maak, al wat nodig is, is plat skoene. Kom raak ontslae van jou werk stres, daar sal ook gereeld na spel 'n bring en braai gehou word waar elkeen sy "Jan Braai" truuks ten toon kan stel en lekker gesellig saamkuier met 'n ietsie koud in die hand.

Die rolbalklub se bestuur is baie opgewonde oor die feit dat Heilbron Rolbalklub tans spog met die meeste geaffilieerde lede in Valsrivier Sub-Distrik, te danke aan die lede se positiewe bydrae en ondersteuning.



*Hannalie Claassen*



*Ronel du Plooy*


Winkelure
MAANDAE - DONDERDAE
07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033









BKB Louwid
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 30 NOVEMBER 2021**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

**WOENSDAG - 1 DESEMBER 2021**

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

MADADENI Halfjaarlikse veiling
Stoffel Mouton 082 329 0225

**DONDERDAG - 2 DESEMBER 2021**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

HLUHLUWE Twee-maandelikse veiling
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225

**VRYDAG - 3 DESEMBER 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BKB LOUWID

www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za